

GESKIEDENIS

GRAAD 9

WEEK 7: 5-7 Aug

Doen die volgende vrae in jou werkboek.

1. Verduidelik hoe die Wieg van die Mensdom sy naam gekry het. (2)
2. Noem drie bekende grotte in die gebied. (3)
3. Definieer evolusie in jou eie woorde. (3)
4. Identifiseer die kopbeen wat in Figuur 7.1 getoon word. (1)



Figuur 7.1

- 4.1 Noem die wetenskaplike naam wat aan die kopbeen gegee is. (1)
- 4.2 Wat sou 'n beter bynaam vir die kopbeen wees? (1)
- 4.3 Beskryf waar en wanneer die kopbeen ontdek is. (2)
5. Wie was die argitek van apartheid? (1)
6. Beskryf die gevolge van die Wet op Swart Grondbesit van 1913, en die impak daarvan op Swartmense. (5)
7. Noem die wet wat woongebiede geskei het, en sê wanneer hierdie wet goedgekeur is. (1)
8. Noem twee wette wat teen bekwame swart ambagsmanne gediskrimineer het. (2)
9. Beskryf die Paswetstelsel. (4)
10. Beskryf die regering se reaksie op die Vryheidsmanifes. (2)
11. Verduidelik in jou eie woorde wat 'verraad' beteken. (3)
12. Wat was die uitspraak aan die einde van die verhoor? (1)
13. Beskryf die impak wat die verhoor op die weerstandsbeweging gehad het. (2)
14. Verduidelik die mikpunt van die Vroue-optog van 1956. (2)
15. Wat was die slagspreuk vir die Vroue-optog? Verduidelik in jou eie woorde wat jy dink dit beteken. (2)
16. Noem twee vroue wat die Vroue-optog georganiseer het. (2)

[Totaal 40 punte]

Merk geografie Akt 1 bl.62

Aktiwiteit 1: Soorte verwerking

LB bladsy 62 (Doelwitte: 1, 2, 3)

Riglyne vir onderrig

Die term erosie (verskuiwing van materiaal) is moontlik vir die leerders meer bekend, maar hulle moet verstaan dat die volgende voor die verskuiwing van materiaal gebeur:

- Rotssteen moet eers tot beweegbare partikels (deeltjies) afgebreek word voordat enige verskuiwing van materiaal kan plaasvind.
- Hierdie afbreking geskied dikwels stadig oor lang tydperke heen.

Antwoorde

1. Fisiese verwerking word deur fisiese veranderinge veroorsaak, soos 'n verandering in **temperatuur**, of bevriesing of ontdooiing. Wanneer 'n gesteente warm word, word dit 'n bietjie **groter**, en wanneer die afkoel word dit 'n bietjie **kleiner**. Indien so 'n verandering in temperatuur dikwels plaasvind, vorm **kraake** en stukke van die gesteente verval. Dit gebeur dikwels in **woestyne** omdat dit bedags baie warm en snags baie koud is. Wanneer water **vries** en in ys verander sit dit uit (neem meer ruimte in beslag). As water in 'n skeur in 'n rots beland en daar vries, kan dit die kraak verder uitmekaar druk. Wanneer dit smelt, kan die water dieper in die kraak invloei, daarom word die kraak al **groter** namate die water weer vries.

Biologiese verwerking is wanneer **plante** of **diere** rotse verweer. **Konyne** graawe in rotskraake wat die kraak groter kan maak en die rots laat skeur. Plantwortels kan in kraake wat in rotse is, ingroei. Namate die plant groei, druk die wortels die kraake oop. Mense kan verwerking veroorsaak deur te **stap!** Hulle voete verweer die gesteentes waarop hulle trap.

Chemiese verwerking word veroorsaak wanneer gesteentes as gevolg van **chemikalieë** verval. Koolstofdiksied los op in **reën** om dit effe suur te maak. Minerale in rotsgesteentes kan met die reënwater reageer, wat hulle tot niet kan laat gaan. Kalksteen en krytstof is gesteentes wat maklik deur reënwater weggeveet word. Dit kan **grotte** veroorsaak. **Suurreën** word deur besoedeling veroorsaak. Suurreën laat verwerking baie vinniger plaasvind en geboue en **standbeelde** wat van klip gemaak is, word gevolglik beskadig.